

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
junie 2019



"Penorent"
Lensopening: f2.8; Sluiterspoed: 1/8 sekonde; Fokale lengte: 100 mm

Dit is seker aan baie lesers bekend dat Towerlantern vroeër hierdie jaar begin het met 'n spesialis-fotografiekursus. Ons het dus ons gewone eerstevlak- en gevorderdevlak-kursusse, en nou ook hierdie besondere kursus.

Ons spesialiskursus bestaan uit drie afdelings, landskap-, naby- en impressionistiese fotografie. Die eerste afdeling is pas verby en ons begin DV in Junie met nabyfotografie. Ons voorbladfoto, *Penorent*, beeld iets hiervan uit. Ons wil graag in hierdie uitgawe van Fotografienuus gesels oor nabyfotografie en 'n paar wenke deel.

Daar is ook ander interessantheide. Lees dus die artikels, geniet die foto's, waardeer die besondere uitleg en stuur hierdie blad vir iemand wat jy ken en wat van fotografie hou.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk

Bladuitleg: Fransa Vorster van [Colourcode Designs](#)

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?

Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor!

Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.

Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

— voorbladfoto

Daar is twee aspekte van die voorbladfoto wat uitgelig kan word, naamlik die variërende onskerp na skerp onderwerp (die blaar) en die mooi kleurvolle agtergrond.

Die fokus in hierdie foto val op die blaar, en meer spesifiek, sy voerpunt. Let op hoëdat die blaar en die haartjies op die blaarrand na die voerpunt in skerpte toeneem. Vir die foto is 'n groot lensopening gebruik sowel en 'n baie kort onderwerpafstand (ongeveer 35 mm). Daarom kon 'n baie vlak velddiepte verkry word.

Wat die agtergrond betref, is dit belangrik om op te let na die mooi agtergrond. Dit kon ook nie anders nie, want die *ceratostigma*-struikie waarvan die foto geneem is, het wonderlike kleurvolle herfsblare. Die saak wat hier van belang is is om altyd eers 'n mooi agtergrond te soek voordat jy aandag gee aan die voorground.

Dit is belangrik om altyd nie net van die hoof-onderwerp in 'n foto bewus te wees nie, maar ook van die agtergrond. Baie keer speel die uitfokus agtergrond net so 'n belangrike rol as die infokus hooftoneel.

WAT IS NABYFOTOGRAFIE?

Die terme "nabyfotografie" (Engels: *close up*) en "makrofotografie" (Engels: *macro photography*) word dikwels as sinonieme gebruik. Vroeër jare is daar net van *close up* gepraat. Later het die terme nabyfotografie en makrofotografie wel meer in mekaar begin vloei.

Na 'n internetsoektog blyk dit egter dat die twee terme tog nie noodwendig sinonieme van mekaar is nie. Die term "makrofotografie" is meer beperkend as die term "nabyfotografie". Met makrofotografie word tegnies bedoel dat die verhouding tussen die fotografiese beeld en die werklikheid groter as 1 is, dit wil sê, die fotobeeld is groter as die werklikheid. By nabyfotografie is die fotobeeld tipies kleiner as die werklikheid.

Nabyfotografie gaan dikwels ook saam met stillewefotografie, en die vraag is hoe nabyfotografie en stillewefotografie aan mekaar verwant is. Vir ons doel aanvaar ons dat daar gevalle is waar dié twee afdelings mekaar insluit en ander gevalle waar dit nie so is nie.

Voorbeelde van *nabyfoto's wat nie stillewefoto's is nie*, sou die vol-



gende kon wees: plantfoto's vir identifisering (byvoorbeeld van 'n fyngetande blaarrand), dokumentêre foto's (byvoorbeeld van posseëls van Suid-Afrika) en foto's van ou kiekies (byvoorbeeld met die doel om 'n geslagsregister saam te stel).

Voorbeelde van *nabyfoto's wat wel ook stillewefoto's is*, sou die volgende kon wees: 'n miniatuurlandskap (by-

voorbeeld van 'n klein grastoneeltjie met doudruppels), miniatuurspeelgoed (byvoorbeeld van 'n kinderkoppie en -pieroer met 'n vasie en blommetjies) en foto's van plantjies (byvoorbeeld om 'n idilliese woudskap te skep).

Hoe ook al, ons wil in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* aandag gee aan nabyfotografie. Laat die bespreking en toeligting jou inspireer. Ontwikkel jou kreatiwiteit, selfs met doiliekrale soos in die foto.

WAT IS NODIG VIR NABYFOTOGRAFIE?

Lens Moontlik is jou siening dat nabyfotografie net met 'n naby- of makrolens beoefen kan word. Dit sou jou dan laat dink dat jy nie nabyfotografie kan beoefen nie omdat jy nie so 'n lens besit nie. Daar is goeie nuus vir jou: Met die nodige sorg kan jy nabyfoto's neem (hoewel jy dalk ook van digitale vergroting gebruik sal moet maak). Sê maar jy het 'n 70-300 mm zoemlens. Dan kan jy met gemak nabyfoto's neem deur so ver moontlik in te zoem of deur gedeeltes van die geneemde foto's weg te sny. Sorg net dat jy die volgende vereistes nakom vir skerpheid:

- Monteer die kamera beslis op 'n driepoot.
- Stel die ISO op die laagste waarde.
- Kontroleer dat die kamera se fotokwaliteit (Engels: *picture quality*) op die hoogste waarde, L, gestel is.
- Verseker dat die kamera se 2-sekonde-vertraaginstelling geaktiveer is.
- Maak seker dat die trefpunt skerp in fokus is (gebruik die LCD-skerm en vergroting vir fokussering).

Driepoot Omdat jy by nabyfotografie van naby af met jou kamera foto's neem, word al jou ongewenste bewegings na die kamera oorgedra en dus na die foto. Dit kan dus nie anders nie as dat jy beslis 'n driepoot moet gebruik om die kamera stabiel te hou. Gelyktydig hiermee help dit ook om die kameraposisie konstant te hou. As die driepoot dit toelaat, mag dit soms nodig wees dat jy die kamera onderstebo aan die driepoot moet laat hang om naby en laag genoeg aan 'n toneel te kom en om die regte invalshoek te kry.

Fokusspoor (opsioneel) Vir presisie-fokussering kan dit handig wees om 'n fokusspoor (Engels: *focusing rail*) te hê waarop jou kamera vorentoe en agtertoe, en ook sywaarts, kan beweeg.



Riglyne

vir nabyfotografie

Ons bedoeling is om jou te help en 'n wegspringkans te gee met kamera-instellings vir nabyfotografie. Aanvaar vooraf hiervoor: (i) Die foto-toneel is reeds opgestel (gevind of geheel of gedeeltelik geskep), (ii) die kamera is op 'n driepoot en (iii) daar is reeds 'n redelike komposisie en fokussering gedoen. Volg nou die onderstaande voorskrifte:

Tipe lens: Eksperimenteer om te sien watter lens laat jou toneel die beste lyk. Onthou steeds om die foto so goed as moontlik te vul. As jy twyfel, begin met die standaard 18-55 mm lens. As jy 'n makrolens het, begin daarmee. As jy nie 'n makrolens het nie, gebruik 'n ingezoemde zoemlens. Sommige zoemlense het ook 'n opsie "macro". Leer om dit te gebruik.

Portret-/Landskapformaat: Kies die formaat volgens behoeftes.

ISO: Die afspraak bly dat die ISO-waarde laag gehou moet word. As die toneel egter te donker is en jy wil nie die lensopening of sluiterspoed verander nie, verhoog dan die ISO.


Witbalans: Maak seker van die beligting.

Keuse van fokuspunt: Besluit wat skerp moet wees en ook wat by die fokuspunt moet wees.

Lensopening: Besluit op die velddiepte (tipies baie vlak) en besluit daarvolgens op die lensopening.

Sluiterspoed: Gebruik soos altyd die liniaal vir die korrekte beligting. Neem 'n verskeidenheid foto's, minstens drie, met klein variasies in die sluiterspoed.

Fyn fokussering: Moet steeds nie vergeet dat jy met nabyfotografie besig is nie. Pas enersyds dus op dat jy nie te naby aan die onderwerp is en dus nie skerp kan fokusseer nie, en sorg andersyds vir absolute skerp fokussering waar dit nodig is, soos in die foto.



LAASTE OPMERKINGS OOR *nabyfotografie*

Joseph Meehan, skrywer van die boek *The magic of digital close-up photography*, sê in die inleiding tot sy boek die volgende: "There is a special place I try to visit whenever I can with my camera. It is a place of unique perspectives, fascinating details, beautiful imagery and, most of all, discovery." Wonder jy waar dié plek is? Dit is baie naby aan jou – daardie plek is die wêreld van nabyfotografie. Wees altyd op die uitkyk vir hierdie wêreld en besoek dit gereeld. Om 'n besoeker aan hierdie wêreld te wees, kos egter beplanning

Eksterne beligting Omdat klein onderwerpe by nabyfotografie tipies gefotografeer word en ook omdat die kamera moontlik baie naby aan die onderwerp kom, mag dit nodig wees om eksterne beligting te gebruik. Dit is daarom dus handig om 'n miniatuurflitsliggie in jou kamerasak saam te dra. Onthou ook die verskillende vorms wat natuurlike lig kan aanneem, soos direkte sonlig, die lig van betrokke lug, en die lig deur vensters en dakligte. Onthou verder die verskillende bronne van kunsmatige lig, soos 'n kameraflits (op of af van die kamera), ringbeligting of selfs 'n ligtent.

Stileerder Dit kan wees dat jy 'n helper nodig het by nabyfotografie. Daar kan iets in jou komposisie wees wat pla. Die enigste manier om dit te verwyder is dat 'n helper dit dan met 'n skêr of klein tangetjie (Engels: *tweezer*) verwyder terwyl jy op die LCD-skerm kyk en instruksies gee sodat die lastige items verwyder word. 'n Klein snoëiskêr wat permanent in jou kamerasak is, kan handig wees.

Terugvoer oor Mei se *Fotografienuus*

■ Sjoe, maar het Eddie se foto nie my asem weggeslaan nie! Eenmalig!

En net herstel toe raak ek tranerig om vir Luzelle raak te lees. Die skildery van Lara Segal is vir my baie besonders. Dankie, ek het heerlik geles. – *Tersia Andrews*

■ Baie dankie vir my kopie van die publikasie. In dieselfde asem en nogeens, baie geluk – dis een van die publikasies wat ek na uitsien en wat ek, wanneer ek dit ontvang, top prioriteit gee om te lees en te geniet. Dit is ook 'n publikasie wat my summier na my kamera wil laat gryp en die sluiters laat raas! Dankie vir die implisiete motivering. – *Frans van Heerden*



Towerlantern Fotografie



Moenie vergeet om gereeld op ons Facebook-bladsy te kyk nie (klik op die skakel hierbo). Die daaglikse rubrieke is: Fotografievriende, Kunsfotografie, Kamera- en fotowenke, Uit die Verlede en Op Internet gesien.

Towerlantern Fotografie
-junie 2019-


FOTO'S VAN ONS EERSTEVLAKE-STUDENTE

Ons mees onlangse fotografiegroep het pas hul eerstevlakkursus afgehandel. Ons deel graag hul beste foto's met ons lesers. Soos altyd is daar gedurende 'n kursus sekere vaste opdragte, maar die interpretasie van opdragte is altyd oop en dus is die verskeidenheid foto's altyd baie verskillend, soos blyk uit hierdie foto's. Geniet dit saam met hulle.

Elmie Oosthuysen



Towerlantern Fotografie
- junie 2019 -



Cobus Kriek

FOTO'S VAN ONS
EERSTEVLAK-STUDENTE



Maritza Kriek




Naude Richie




Euné Jansen van Rensburg

FOTO'S VAN ONS
EERSTEVLAK-STUDENTE

Jesse Uys



Andries Jansen



Louvaine Bezuidenhout



ONTMOET IRMA STERN

(Strauss & co)

Towerlantern Fotografie
-junie 2019 -

Ons het verlede maand genoem dat heelwat van ons fotografiestudente in eie reg ook skilders is. Dit sal dus vir hulle, en beslis vir ons ander lesers ook, interessant wees om te verneem dat die skildery *Still Life with Fruit and Dahlias* van Irma Stern onlangs verkoop is vir R16,16 miljoen rand! Dit is nie sommer niks geld nie!

Vir baie lesers, veral ons jongeres, is die naam Irma Stern dalk nie bekend nie. Sy was 'n Suid-Afrikaanse skilder wat geleef het van 1894 tot 1966. Die genoemde skildery – hierby afgebeeld – is in 1946 geskilder. Ons wys dit om te toon watter vorm van stillewes daardie tyd geliefd was. Vir ons sal dit vandag oorvol voel, maar tog is daar steeds mense wat dit sal koop. Wat beslis waar is, is die kleur-bekoring van die toneel.

Wat blomme betref, was Irma Stern veral lief vir lelies, dahlias en jakobregops. Van haar stillewes word gesê: "Wat fenomenaal is van haar stillewes, is die feit dat sy die ekspressioniste oortref het deur haar werk 'n spesiale, boeiende en tipiese Afrika-aanslag te gee" (*Beeld*, 24 Mei 2019, bladsy 25).

Dertig jaar gelede – 5 Junie 1989

Frans van Heerden

Op 5 Junie vanjaar is dit die dertigjarige herdenking van die Chinese studente-oproer in Beijing wat tot 'n menseverlies van ongeveer 10 000 op Tiananmenplein gelei het. Die Chinese studente het 'n proses begin waarmee hulle basiese menseregte wou bekom asook 'n groter mate van persvryheid. Soos verwag kon word, het die Chinese militêre mag toegeslaan, en 'n eie, andersoortige drama het ontvou. Soos wat die Chinese oorlogmasjien sy loop geneem het, het 'n eskadron militêre tenks in die strate van Beijing in beweging gekom as 'n magsvertoon. Hulle het in Chang'an Laan in Beijing beweeg onderweg na Tiananmenplein. Terwyl die tenks beweeg, het 'n man skielik reg voor een van die bewegende tenks ingespring en sy hand omhoog gehou.

Die identiteit van die man is onbekend en net so wat van hom geword het. Aanduidings bestaan dat hy deur die Chinese magte verwyder is. Maar dit was 'n senutergende oomblik – gaan die kragtige masjien die man verpletter of wat gaan die tenkdrywer se reaksie wees? Daardie oomblik is deur 'n handjievol fotografe verewig, wat op sigself 'n baie besondere storie is. Dié gebeure word binnekort, op 5 Junie, dertig jaar later, herdenk.

Die fotojernaliste wat op daardie dag in 'n hotel was waar hulle die insident kon waarneem en fotografeer, het 'n interessante storie om te vertel. Wat besonders aan die storie is, is hoe die film waarop die beeld verewig is, uit China gesmokkel is en die angsk wat die fotojernaliste deurleef het.



WAT IS IN DIE AGTERGROND?



Ons het vroeër gesels oor foto-agtergronde. Wat merk jy op in die foto hierby? Dit is duidelik dat daar 'n plant in die voorgrond is. En die agtergrond? 'n Geskilderde plank? 'n Prentjie uit 'n kind se inkleurböek? Verkeerd.

Die blare in die voorgrond en die item in die agtergrond is die reënboogbloekom, *Eucalyptus deglupta*. As jy ooit iewers in Suid-Afrika dié boom teëkom, gryp jou kamera en gee jouself 'n halfuur of meer om foto's daarvan te neem – en stuur dit aan Towerlantern. Miskien is die kleure by ons nie so intens nie – die foto is immers in 'n Hawaise woud geneem – maar sorg nogtans dat jy dit nie mis nie.



Lees ook by https://en.wikipedia.org/wiki/Eucalyptus_deglupta

TOWERLANTERN-UITSTALLING: *September 2019*

Ons is in die sesde maand van 2019, Junie, en Towerlantern Fotografie se foto-uitstalling in die Potchefstroomse Openbare Museum begin in die negende maand, September 2019. Daar is dus nog net 3 maande oor.

Jy, as fotograaf, word nou uitgenooi om werke voor te berei vir hierdie uitstalling. Vir volledige inligting, doen navraag by joan@towerlantern.co.za. Reageer asseblief so gou as moontlik daarop, en voorkom so-doenende teleurstelling.



Towerlantern se selfoonkursus in Mei

Dit kan miskien vreemd wees dat Towerlantern Fotografie (wat ingestel is op kameras) begin het met die aanbieding van 'n selfoonkamera-kursus. Die punt bly egter dat dit soms handig is om vinnig 'n foto met die selfoon te neem, en dat die vraag na hulp met die gebruik van selfoonkameras groot is. Gedurende Mei was dit reeds die tweede aanbieding met 'n volsitkamer-bespreking.

Dus, as jy daarin sou belangstel om jou selfoon se kamera beter te kan hanteer as net outomaties, kontak ons. Ons beplan DV weer sulke aanbiedings in die toekoms.

VOLGENDE FOTOGRAFIEKURSUSSE


Dit is vir ons aangenaam om die volgende kursusse bekend te stel wat DV gedurende die tweede semester gaan plaasvind:

Eerstevlakkursus Hierdie kursus begin op 11 Julie 2019. Dit behels 10 klasse van 2 ½ uur elk, laatmiddæ (17:00 tot 19:30) aangebied en dit strek oor ongeveer 5 weke. Jy hoef niks van fotografie of jou kamera te weet om daarvoor in te skryf nie. Al wat nodig is, is 'n SLR-kamera.

Gevorderdevlakkursus Hierdie kursus begin op 20 Augustus 2019. Dit behels 10 lesings van 3 uur elk, een keer per maand aangebied. Dus duur dit tot Junie 2020. As jy belangstel, laat hoor vinnig van jou. By die lees hiervan is die kursus reeds halfpad vol bespreek.

Towerlantern Fotografie
- junie 2019 -

FOTO'S VAN ONS FOTOGRAFIEVRIENDE



Ons fotografievriend Fanie Coetzee, sy vrou Judie en ander vriende was onlangs op toer deur Botswana. Hy het foto's gestuur en skryf daaroor: "Ek deel nog so enkele foto's uit die mooi Chobe en omgewing. Om diere van die water af te aanskou gee geleentheid vir nuwe prentjies." Dit is inderdaad so, soos die meegaande "prentjies" maar te goed wys.

